

REKENINGKUNDE: HOE OM TE BEGELEI – NIE NET TE ONDERRIG NIE!

Inleiding

Hierdie is 'n 'opvolg' van die dokument *Rekeningkunde: Begelei jy of onderrig jy net?*

Jou rol in die onderrig van Rekeningkunde behoort te wees om die **leerders te begelei om te ontdek**. Dit is 'n baie beter opsie as om die *leerders te leer om te doen*. Dit is veral van besondere belang wanneer die grondslag van Rekeningkunde, die Rekeningkundige vergelyking, behandel word.

Die eindresultaat van die rekeningkundige proses is in die vorm van verslae en finansiële state. Hierdie verslae en state toon hoe 'n onderneming of organisasie gepresteer het en verskaf die nodige inligting om vir die toekoms te beplan. Die Balansstaat (Staat van finansiële posisie) is een van die betrokke state en toon die finansiële posisie van 'n onderneming op 'n spesifieke datum. Dit toon wat die onderneming besit (bates), wat hulle skuld (laste of aanspreeklikhede) en die verskil, wat as ekwiteit of eienaarsbelang bekend staan. As ons hierdie drie items in die vorm van 'n vergelyking skryf, kry ons: $Bates - Laste = Eienaarsbelang$. Ons werk egter normaalweg in rekeningkunde met positiewe bedrae. Daarom word die vergelyking, wat as die **basiese Rekeningkundige vergelyking** bekend staan, geskryf as: $Bates = Eienaarsbelang + Laste$

Die **basiese Rekeningkundige vergelyking**, $Bates = Eienaarsbelang + Laste$, ($B = E + L$), is die grondslag van die vak en behoort die vertrekpunt van aanvangsonderrig van Rekeningkunde te wees. 'Formules', 'Resepte', 'onthou blokke' en 'fieterjasies' veroorsaak net verwarring.

Sommige onderwysers laat leerlinge formules leer as 'n hulpmiddel vir hulle om te weet dat Bates, Uitgawes en Onttrekkings gedebiteer word, terwyl Laste, Kapitaal en Inkomste gekrediteer word. Dit is egter een ding om te weet dat 'n sekere rekening gedebiteer moet word, maar die belangriker kwessie is om te weet **waarom** die betrokke rekening gedebiteer moet word. Bates, Uitgawes en Onttrekkings word almal gedebiteer vir **verskillende redes** – en dit is hierdie redes wat leerders help om vir hulself te dink, om te ontdek en te verstaan. Eweneens word Laste, Kapitaal en Inkomste gekrediteer vir **verskillende redes** – en dit is hierdie redes wat leerders help om vir hulself te dink, om te ontdek en te verstaan.

Vermy passiewe papegaai-leerwerk. Wat van belang is, is die nodige aandag aan die basiese beginsels wat as 'n stewige grondslag vir die vak kan dien.

Om te begelei

In hierdie dokument beteken "begelei" om "leerders te help om vir hulself te dink/redeneer". Dit word gedoen deur leidende vrae te vra terwyl daar van die "bekende" na die "onbekende" gewerk word. Indien daar geen *bekende* is nie, sal jy eers moet verduidelik – maar nie te veel nie! Net genoeg om die verstand weer aan die gang te kry.

Om suksesvol te begelei, moet jy die leerders aktief, wakker en gefokus hou. Deur leidende vrae te vra hou jy hul aandag op die betrokke les gefokus en sal jy geen (of baie min) dissiplinêre probleme hê.

Indien jy hierdie werkswyse konsekwent toepas, sal jy die leerders in staat stel om vir hulself te dink en te redeneer en gou-gou sal hulle in staat wees om 'op hul eie te werk'. Dit is egter belangrik om te onthou dat die leerders tieners is. Moet nooit ophou begelei nie, selfs wanneer hulle in staat is om 'op hul eie te werk'.

Kom, laat ons begin werk

Die volgende drie transaksies van Rufus Loodgieters kan as Voorbeeld 1 dien:

1. Rufus begin sy onderneming, Rufus Loodgieters, deur sy kapitaalbydrae van R80 000 in die lopende bankrekening van die onderneming te deponeer; kwitansie 001 uitgereik
2. Koop voertuig van Bingo Motors; betaal R25 000 per tjek 001
3. Reik tjek 002 vir R15 000 uit aan Kus Winkels vir toerusting

Voordat jy die drie transaksies van Rufus Loodgieters bespreek, sal jy die volgende begrippe wat algemeen in rekeningkunde gebruik word, moet verduidelik (kort en saaklik).

Transaksie: 'n Handeling of gebeure wat in 'n onderneming plaasvind.

Ontvangste: 'n Bedrag geld wat 'n onderneming ontvang en in die lopende bankrekening deponeer.

Betaling: 'n Tjek op 'n onderneming se lopende bankrekening getrek.

Kapitaalbydrae en eienaarsbelang: Die kapitaalbydrae is geld wat die eenaar verskaf. Dit gee aan die eenaar 'n belang in die onderneming, wat eienaarsbelang of ekwiteit genoem word.

Bate: Besitting van die onderneming.

Begelei die leerders met die volgende logiese beredenering:

- Wanneer jy na die invloed van 'n transaksie op bates en/of eienaarsbelang kyk, moet jy die transaksie uit die oogpunt van die onderneming beskou.
- Nadat jy die transaksie gelees het, vra jou af wat gebeur het.
- Pas hierdie logika toe op die eerste transaksie:
Die bate Kontant vermeerder met R80 000.
Die eenaar se bydrae gee die eenaar 'n belang in die onderneming, wat eienaarsbelang genoem word. Dus vermeerder die eienaarsbelang met R80 000.
(Moenie op hierdie stadium die betrokke dokumente in besonderhede bespreek nie. Verwys net na die doel van die dokumente in die algemeen – kort en saaklik.)
- Pas hierdie logika toe op die tweede transaksie:
Die bate Kontant verminder met R25 000.
Die bate Voertuie vermeerder met R25 000.
(Hier sou jy na die onderskeid wat tussen voertuie, toerusting en kontant gemaak word, verwys.)
- Pas hierdie logika toe op die derde transaksie:
Die bate Kontant verminder met R15 000.
Die bate Toerusting vermeerder met R15 000.

Laat die leerders die invloed van die transaksies op die bates en eienaarsbelang (in hul werkboek of op 'n antwoordblad deur jou voorsien) voltooi soos jy vorder en help hulle om 'n kumulatiewe opsomming na elke transaksie op te stel. Moenie op hierdie stadium na die begrip *rekeningkundige vergelyking* verwys nie.

Oplossing: Voorbeeld 1

Invloed op bates en eienaarsbelang

No.	Bates		Eienaarsbelang	
	Invloed	Rede	Invloed	Rede
1.	+80 000	Kontant vermeerder	+80 000	Eenaar se kapitaalbydrae
2.	-25 000	Kontant verminder		
	+25 000	Voertuie vermeerder		
3.	-15 000	Kontant verminder		
	+15 000	Toerusting vermeerder		

Kumulatiewe opsomming na elke transaksie

No.	Bates		Eienaarsbelang	
1.	Kontant	R80 000	Kapitaalbydrae	R80 000
2.	Kontant	55 000	Kapitaalbydrae	80 000
	Voertuie	25 000		
		R80 000		R80 000
3.	Kontant	40 000	Kapitaalbydrae	80 000
	Voertuie	25 000		
	Toerusting	15 000		
		R80 000		
				R80 000

Die kumulatiewe opsomming (vereenvoudigde Balansstaat) kan gebruik word om die leerders te help om 'n paar belangrike feite te ontdek. Dit kan gedoen word deur die leerders die volgende vrae te vra en, waar nodig, leiding ten opsigte van die antwoorde te gee:

Vrae	Leerders ontdek dat
1. Wat let jy op ten opsigte van die totale bates en eienaarsbelang na elke transaksie?	1. Bates = Eienaarsbelang (laste is nog nie bespreek nie)
2. Word die eienaarsbelang deur die koop van 'n bate beïnvloed?	2. Nee.
3. Word die kontant deur die koop van 'n bate per tjek, beïnvloed?	3. Ja. Die kontant verminder.
4. Is die totale kontant altyd gelyk aan die eienaarsbelang?	4. Nee, slegs as kontant die enigste bate is. (Laste is nog nie bespreek nie.)
5. Die geld van die eienaar ontvang (transaksie 1) word 'n ... genoem.	5. Ontvangste
6. Die geld vir die koop van 'n voertuig en toerusting betaal (transaksies 2 en 3) word ... genoem.	6. Betalings

Met behulp van jou leiding het die leerders die bostaande kennis verwerf – belangrike insig, feite en begrippe wat op alle vlakke van rekeningkunde van toepassing is. Hierbenewens sal die kumulatiewe opsomming (vereenvoudigde Balansstaat) leerders help om die Balansstaat beter te verstaan wanneer die tyd aanbreek. Op hierdie stadium word daar nie na die begrip *Balansstaat* verwys nie.

Stel 'n paar soortgelyke aktiwiteite op om die kennis wat die leerders verwerf het vas te lê.

Die volgende drie transaksies van Rufus Loodgieters kan as Voorbeeld 2 dien:

Hierdie voorbeeld volg op Voorbeeld 1 en dien as 'n bekendstelling aan uitgawes en inkomste.

- Betaal die plaaslike koerant, *Daily News*, vir advertensie, tjek 003, R400
- Huur 'n stoorkamer van Eerstestraat Eiendomme; betaal huur per tjek 004, R900
- Kontant ontvang vir dienste gelewer, kontantregisterrol, R3 300

Begelei die leerders met dieselfde logiese beredenering as in Voorbeeld 1:

(Hierdie logiese beredenering kan deurgaans gevolg word want sodra 'n transaksie plaasvind, het dit 'n invloed op die rekeningkundige vergelyking. Dit maak dus sin om leerders eers die invloed van alle nuwe transaksies (in al die grade) op die rekeningkundige vergelyking (op hierdie stadium op bates en eienaarsbelang) te laat oorweeg.)

• Nadat jy die transaksie gelees het, vra jou af wat gebeur het.

• Pas hierdie logika toe op transaksie 4.

Die bate Kontant verminder met R400.

Geen bate is in ruil vir die betaling verkry nie. Gevolglik het die eienaarsbelang verminder met R400.

(Nou is 'n goeie tyd om te beklemtoon dat betalings wat die eienaarsbelang verminder, word uitgawes genoem.) In hierdie geval is die betrokke uitgawe Advertensies.

Let op dat in die kumulatiewe opsomming na elke transaksie in Voorbeeld 1, is daar na die R80 000 verwys as kapitaalbydrae – die bedrag oorspronklik deur die eienaar bygedra. Na transaksie 4 is daar egter na die bedrag van R79 600 as eienaarsbelang verwys – R400 minder as gevolg van die uitgawe Advertensies.)

- Pas hierdie logika toe op transaksie 5.
Die bate Kontant verminder met R900.
Geen bate is in ruil vir die betaling verkry nie. Die totale bates verminder dus met R900. Gevolglik verminder die eienaarsbelang met R900 as gevolg van die uitgawe, Huur betaal.
 $R(79\ 600 - 900) = R78\ 700$
- Pas hierdie logika toe op transaksie 6.
Die bate Kontant vermeerder met R3 300.
Geen bate het verminder nie, dus vermeerder die totale bates met R3 300.
(Nou is 'n goeie tyd om te beklemtoon dat ontvangste wat die eienaarsbelang vermeerder, word inkomste genoem.) In hierdie geval is die betrokke inkomste Inkomste verdien.

Laat die leerders die invloed van die transaksies op die bates en eienaarsbelang (in hul werkboek of op 'n antwoordblad deur jou voorsien) voltooi soos jy vorder en help hulle om 'n kumulatiewe opsomming na elke transaksie op te stel. Moenie op hierdie stadium na die begrip *rekeningkundige vergelyking* verwys nie.

Oplossing: Voorbeeld 2

Invloed op bates en eienaarsbelang

No.	Bates		Eienaarsbelang	
	Invloed	Rede	Invloed	Rede
4.	-400	Kontant verminder	-400	Advertensie – uitgawe
5.	-900	Kontant verminder	-900	Huur – uitgawe
6.	+3 300	Kontant vermeerder	+3 300	Inkomste verdien

Kumulatiewe opsomming na elke transaksie

No.	Bates		Eienaarsbelang	
4.	Kontant	39 600	Eienaarsbelang	79 600
	Voertuie	25 000		
	Toerusting	15 000		
		<u>R79 600</u>		
5.	Kontant	38 700	Eienaarsbelang	78 700
	Voertuie	25 000		
	Toerusting	15 000		
		<u>R78 700</u>		
6.	Kontant	42 000	Eienaarsbelang	82 000
	Voertuie	25 000		
	Toerusting	15 000		
		<u>R82 000</u>		

Die kumulatiewe opsomming (vereenvoudigde Balansstaat) kan gebruik word om die leerders te help om 'n paar belangrike feite te ontdek. Dit kan gedoen word deur die leerders die volgende vrae te vra en, waar nodig, leiding ten opsigte van die antwoorde te gee:

- | Vrae | Leerders ontdek dat |
|---|---|
| 1. Wat let jy op ten opsigte van die totale bates en eienaarsbelang na elke transaksie? | 1. Bates = Eienaarsbelang (laste is nog nie bespreek nie) |
| 2. Word die eienaarsbelang deur die betaling van 'n uitgawe beïnvloed? | 2. Ja. |

- | | |
|--|---|
| 3. In watter opsig word eienaarsbelang deur 'n uitgawe beïnvloed? | 3. 'n Uitgawe verminder eienaarsbelang. |
| 4. Word die eienaarsbelang deur die ontvangs van 'n inkomste verdien, beïnvloed? | 4. Ja. |
| 5. In watter opsig word eienaarsbelang deur 'n inkomste verdien, beïnvloed? | 5. 'n Inkomste vermeerder eienaarsbelang. |
| 6. Die eienaar se bydrae was R80 000 (sien transaksie 1) en die eienaarsbelang na transaksie 6 is R82 000. Wat sê hierdie inligting vir jou? | 6. Rufus Loodgieters het 'n wins van R2 000 getoon. (Die leerders mag hier 'n bietjie hulp benodig.) |
| 7. Kan ons die wins op 'n ander manier bereken? | 7. Ja. $3\,300 - 400 - 900 = R2\,000$ ('n Goeie tyd om die begrip, Wins te bespreek.) (Wins is gelyk aan inkomste verdien minus die uitgawes aangegaan om hierdie inkomste te kan verdien.) |

Met behulp van jou leiding het die leerders die bostaande kennis verwerf – belangrike insig, feite en begrippe wat op alle vlakke van rekeningkunde van toepassing is. Hierbenewens sal die kumulatiewe opsomming (vereenvoudigde Balansstaat) leerders help om die Balansstaat beter te verstaan wanneer die tyd aanbreek. Op hierdie stadium word daar nie na die begrip *Balansstaat* verwys nie. Dit is ook 'n goeie tyd om die leerders se aandag daarop te vestig dat hoewel die eienaarsbelang tot R82 000 vermeerder het, daar slegs R42 000 kontant is. Dus, rykdom beteken nie (noodwendig) baie kontant nie.

Stel 'n paar soortgelyke aktiwiteite op om die kennis wat die leerders verwerf het vas te lê.

Teen hierdie tyd het leerders al opgelet dat bates en eienaarsbelang kan vermeerder of verminder, afhange van die transaksie. Die hoofdoel van rekeningkunde is om rekeningkundige inligting te verskaf in die vorm van verslae of state om besluitneming moontlik te maak. Hiervoor het ons 'n stelselmatige metode nodig vir boekstaving in rekeninge. Rekeninge word in 'n boek, genoem die Algemene grootboek, gehou. Hulle is in die vorm van 'n hoofletter T en ons noem hulle T-rekeninge. Ons skryf die naam van die rekening bo in die middel. Ons noem die linkerkant van die rekening die debietkant en die regterkant die kredietkant. (Nou is 'n goeie tyd om aan die leerders te verduidelik dat elke T-rekening 'n naam het om die betrokke rekening te identifiseer.)

Daar is reëls wat ons in staat stel om logies te redeneer om te besluit watter rekening ons moet debiteer en watter rekening ons moet krediteer. Hierdie reëls is op alle transaksies van toepassing en is die enigste reëls wat leerders hoef te ken. Hulle is:

Baterekening	Dt.	BATES	Kt.
• vermeerder met 'n debietinskrywing	Vermeerder met	Vermeerder met	
• verminder met 'n kredietinskrywing	'n debietinskrywing	'n kredietinskrywing	
Lasterekening [<i>Nadat hulle bespreek is.</i>]	Dt.	LASTE	Kt.
• vermeerder met 'n kredietinskrywing	Verminder met	Vermeerder met	
• verminder met 'n debietinskrywing	'n debietinskrywing	'n kredietinskrywing	
Eienaarsbelang	Dt.	EIENAARSBELANG	Kt.
• vermeerder met 'n kredietinskrywing	Verminder met	Vermeerder met	
• verminder met 'n debietinskrywing	'n debietinskrywing	'n kredietinskrywing	
Die logiese gevolgtrekking is:	Dt.	INKOMSTE	Kt.
• Ons krediteer inkomsterekening omdat inkomste eienaarsbelang vermeerder		Word gekrediteer	
• Ons debiteer uitgawerekening omdat uitgawes eienaarsbelang verminder	Dt.	UITGAWES	Kt.
	Word gedebiteer		

Laat die leerders nou (onder jou toesig en leiding) die transaksies van Rufus Loodgieters in vereenvoudigde grootboek T-rekening boekstaaf. Hulle kan T-rekeninge in hulle werkboek lineier of jy kan 'n blanko antwoordblad met die nodige T-liniëring voorberei. Dit kan dien as Voorbeeld 3.

Die leerders het reeds die invloed van die transaksies op bates en eienaarsbelang bereken. Lei hulle dus van die *bekende* invloed tot die *onbekende* inskrywings in die grootboek T-rekening deur logiese redenering en die reëls toe te pas.

• Transaksie 1

Die bate Bank vermeerder, daarom debiteer ons Bank.

Die eienaarsbelang vermeerder met 'n inbetaling deur die eienaar, daarom krediteer ons Kapitaal.

(Skryf slegs die bedrag aan die debietkant van die Bank om die rekening te debiteer en skryf slegs die bedrag aan die kredietkant van Kapitaal om die rekening te krediteer. Verduidelik dan dat dit 'n praktiese illustrasie van die dubbelinskrywingsbeginsel is – ons boekstaaf die geldwaarde van elke transaksie as sowel 'n debietinskrywing as 'n kredietinskrywing in die grootboekrekening.)

Vra hulle nou om die kontra-inskrywings te voltooi – en verduidelik wat jy bedoel:

– Wanneer ons 'n rekening debiteer, skryf ons die naam van die rekening wat ons krediteer, langs – die bedrag.

– Wanneer ons 'n rekening krediteer, skryf ons die naam van die rekening wat ons debiteer, langs – die bedrag.

• Transaksie 2

Die bate Bank verminder, daarom krediteer ons Bank.

Die bate Voertuie vermeerder, daarom debiteer ons Voertuie.

(Beklemtoon die dubbelinskrywingsbeginsel en die voltooiing van die kontra-inskrywings soos hierbo aanbeveel. Herhaal hierdie beklemtoning met elk van die ander transaksies. Sodoende maak jy seker dat hierdie begrippe vasgelê word.)

• Transaksie 3

Die bate Bank verminder, daarom krediteer ons Bank

Die bate Toerusting vermeerder, daarom debiteer ons Toerusting.

• Transaksie 4

Die bate Bank verminder, daarom krediteer ons Bank

Die eienaarsbelang verminder as gevolg van 'n uitgawe (Advertensies) aangegaan, daarom debiteer ons Advertensies.

• Transaksie 5

Die bate Bank verminder, daarom krediteer ons Bank.

Die eienaarsbelang verminder as gevolg van 'n uitgawe (Huuruitgawe) aangegaan, daarom debiteer ons Huuruitgawe.

• Transaksie 6

Die bate Bank vermeerder, daarom debiteer ons Bank.

Die eienaarsbelang vermeerder as gevolg van 'n inkomste verdien (Lopende inkomste), daarom krediteer ons Lopende inkomste.

Oplissing: Voorbeeld 3

Algemene grootboek van Rufus Loodgieters

<i>Baterekening</i>			
Dt.	BANK		Kt.
1. Kapitaal	80 000	2. Voertuie	25 000
6. Lopende inkomste	3 300	3. Toerusting	15 000
		4. Advertensies	400
		5. Huuruitgawe	900
VOERTUIE			
2. Bank	25 000		
TOERUSTING			
3. Bank	15 000		

<i>Rekening wat eienaarsbelang beïnvloed</i>			
Dt.	KAPITAAL		Kt.
	1. Bank		80 000
ADVERTENSIES			
4. Bank	400		
HUURUITGAWE			
5. Bank	900		
LOPENDE INKOMSTE			
	6. Bank	3 300	

Leerders kan gelei word om

- Aan te dui hoeveel rekeninge geopen is. (7 rekeninge)
- Die baterekening wat geopen is te noem. (Bank, Voertuie, Toerusting)
- Die uitgawerekening wat geopen is te noem. (Advertensies, Huuruitgawe)
- Die inkomsterekening wat geopen is te noem. (Lopende inkomste)
- Aan te dui hoeveel inskrywings in die Bankrekening gedoen is. (6 inskrywings) (2 debiet, 4 krediet)

Dit is belangrik vir leerders om te onderskei tussen die verskillende rekeninge wat in die Algemene grootboek voorkom en die verskil tussen die begrippe “rekeninge” en “inskrywings” te verstaan.

Hierdie vereenvoudigde grootboekrekeninge kan gebruik word om die leerders bekend te stel aan ontleding en vertolking. Dit kan gedoen word deur die volgende vrae aan die leerders te vra en waar nodig leiding te gee ten opsigte van die antwoorde:

<i>Vrae</i>	<i>Leerders ontdek dat</i>
1. Hoeveel geld het die onderneming in die bank?	1. $83\ 300 - 41\ 300 = R42\ 000$ Die saldo in die Bankrekening toon hoeveel geld in die bank is.
2. Lys al die rekeninge en die saldo's of totale daarvan en tel die bedrae op.	2. Indien 'n lys van rekeninge met hul saldo's opgestel word, sal die totaal van die debietsaldo's gelyk wees aan die totaal van die kredietsaldo's. (Gebruik eerder vireers <i>Lys van rekeninge met hul saldo's</i> en nie <i>Proefbalans</i> nie.)
3. Bereken watter wins gemaak is.	3. $3\ 300 - (400 + 900) = R2\ 000$ Om die wins te bereken, moet ons die inkomste- en uitgawerekeninge identifiseer. Die werklike berekening van wins word in 'n Inkomstestaaf gedoen.
4. Hoeveel bedra die eienaarsbelang nou?	4. Die berekende wins is die netto bedrag waarmee die eienaarsbelang gedurende 'n gegewe tydperk vermeerder het. Die eienaarsbelang bestaan uit die oorspronklike kapitaalbydrae plus die wins.
5. Maak 'n lys van die bates en tel die saldo's daarvan op.	5. Die totaal van die saldo's van die bates is gelyk aan die eienaarsbelang soos in 4 bereken. Dit kan met die kumulatiewe opsomming na transaksie 6 vergelyk word. Bates = Eienaarsbelang (laste is nog nie bespreek nie.)

Ontleding en vertolking begin hier; weliswaar in 'n vereenvoudigde vorm en op 'n baie lae vlak, maar die saad is gesaai.

Laat die leerders nou die transaksies van die aktiwiteite wat jy opgestel het, in die betrokke vereenvoudigde grootboek T-rekeninge boekstaaf. Gebruik hierdie grootboekrekeninge om seker te maak dat die leerders tussen die verskillende rekeninge wat in die Algemene grootboek voorkom kan onderskei en die verskil tussen die begrippe 'rekeninge' en 'inskrywings' verstaan. Laat die leerders dan die basiese vlak van 'ontleding en vertolking' soos in Voorbeeld 3 bespreek, doen.

Met die bekendstelling van 'n handelonderneming, moet beklemtoon word dat alles wat ten opsigte van die diensonderneming bespreek is, ook die handelonderneming geld. Die enigste nuwe transaksies is die aankoop en verkoop van handelsvoorraad. Die aankoop van handelsvoorraad is niks anders as die aankoop van 'n bate nie. Die verkoop daarvan benodig 'n bietjie meer leiding.

Namate daar met die onderskeie transaksies op aanvangsvlak gevorder word, moet die doel van rekeningkunde, naamlik om finansiële inligting te verskaf, voortdurend in gedagte gehou word. Alles in 'n rekeningkundige stelsel word gedoen met dit in gedagte.

Indien 'n onderneming handelsvoorraad (oorspronklike kosprys, R200) vir R350 kontant verkoop, is die invloed op die rekeningkundige vergelyking soos volg:

B	E	L
+350 (Kontant vermeerder)		
-200 (Voorraad verminder)	+150 (Wins)	0

Let weer eens daarop dat hierdie invloed plaasgevind het voordat enige inskrywing gedoen is. Dit is vir 'n onderneming belangrik om te weet wat die omset (totale verkope) is en wat die verkoopte goedere vir die onderneming gekos het. Dit is belangrike inligting. Daar word dus twee inskrywings van die netto vermeerdering van eienaarsbelang gedoen. Een om die verkopebedrag (R350) en een om die koste van die goedere verkoop (R200) te toon. Hierdie is die eerste transaksie waar, benewens die invloed van die transaksie op die rekeningkundige vergelyking, algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk ook die inskrywing bepaal. Gevolglik word Bank gedebiteer (R350) en Verkope gekrediteer (R350) en Koste van verkope gedebiteer (R200) en Handelsvoorraad gekrediteer (R200). Dit beteken nie dat die invloed onder Ekwiteit nou +350 en -200 is nie. Die invloed onder Ekwiteit is steeds +150 (Wins), want dit is die resultaat van die vermeerdering in kontant (+R350) en die vermindering van voorraad (-R200).

Die volgende transaksie van Rufus Loodgieters kan as Voorbeeld 4 dien:

Hierdie voorbeeld volg op Voorbeelde 1, 2 en 3 en dien as bekendstelling aan krediteure en laste. Voordat jy na krediet of krediteure of laste verwys, vra die leerders om die invloed van die transaksie op bates en eienaarsbelang te toon.

7. Rufus Loodgieters koop 'n voertuig op krediet van Oxford Motors, R100 000

Teen hierdie tyd is leerders gemaklik met die redenering van die invloed van 'n transaksie op bates en ekwiteit en sal hulle maklik die invloed op bates, d.i. Die bate Voertuie vermeerder met R100 000, kan identifiseer. Geen ander bate verminder nie en die eienaarsbelang word nie beïnvloed nie omdat hierdie transaksie nóg 'n inkomste nóg 'n uitgawe verteenwoordig.

Jy sal dus moet verduidelik dat krediet beteken betaling vind op 'n later datum plaas, hoewel die item onmiddellik bekom word. Gevolglik skuld Rufus Loodgieters die geld aan die voorsiener (Oxford Motors). Die verskaffer word 'n krediteur genoem want die koopsom is nog aan die krediteur verskuldig. 'n Las word dus geskep. Las is die derde element van die rekeningkundige vergelyking.

Ons het dus die volgende invloed op die rekeningkundige vergelyking:

Transaksie 7

Die bate Voertuie vermeerder.

Die las Krediteure vermeerder.

Die kumulatiewe opsomming sal soos volg lyk:

Kumulatiewe opsomming na elke transaksie

No.	Bates		Eienaarsbelang en Laste	
7.	Kontant	42 000	Eienaarsbelang	82 000
	Voertuie	125 000	Krediteure	100 000
	Toerusting	15 000		
		<u>R182 000</u>		<u>R182 000</u>

Let Wel

- Die item krediteure verskyn in die kumulatiewe opsomming en verteenwoordig die bedrag aan verskaffers verskuldig.
- Die kumulatiewe opsomming toon dat die totale bates gelyk is aan die eienaarsbelang plus laste. Hierdie vergelyking staan bekend as die (basiese) rekeningkundige vergelyking.
- Voortaan verwys ons na Eienaarsbelang as Ekwiteit in die rekeningkundige vergelyking. (B = E + L)

Die rekeningkundige vergelyking, Bates = Ekwiteit + Laste, is nou volledig en die leerders het die oorsprong daarvan eerstehands ervaar.

Om die items op krediet gekoop in grootboekrekening te boekstaaf, pas ons die reël wat op bl. 5 van hierdie dokument verskyn, toe. (Laste vermeerder met 'n kredietinskrywing – en verminder met 'n debietinskrywing.)

Die voltooide grootboekrekening lyk nou soos volg:

Dt.		VOERTUIE		Kt.
2	Bank	25 000		
7	Krediteure	100 000		
KREDITEURE				
			7 Voertuie	100 000

Die volgende transaksie van Rufus Loodgieters kan as Voorbeeld 5 dien:

Hierdie voorbeeld volg op Voorbeelde 1, 2, 3 en 4 en dien as 'n voorbeeld van die volgende logiese transaksie – die betaling of gedeeltelike betaling van die betrokke las (krediteur). Vra die leerders om die invloed van die transaksie op die rekeningkundige vergelyking te toon, die kumulatiewe opsomming by te werk en om die inskrywings in die betrokke grootboekrekening te toon.

8. Rufus Loodgieters betaal Oxford Motors R20 000 per tjek as gedeeltelike betaling van hul skuld.

Oplossing: Voorbeeld 5

Transaksie 8

Die bate Kontant verminder, daarom krediteer ons Bank.

Die las Krediteure verminder, daarom debiteer ons Krediteure

Kumulatiewe opsomming na elke transaksie

No.	Bates		Eienaarsbelang en Laste	
8.	Kontant	22 000	Eienaarsbelang	82 000
	Voertuie	125 000	Krediteure	80 000
	Toerusting	15 000		
		<u>R162 000</u>		<u>R162 000</u>

Dt.		BANK		Kt.
1	Kapitaal	80 000	2 Voertuie	25 000
6	Lopende inkomste	3 300	3 Toerusting	15 000
			4 Advertensies	400
			5 Huuruitgawe	900
			8 Krediteure	20 000
KREDITEURE				
8	Bank	20 000	7 Voertuie	100 000

Op hierdie stadium het leerders 'n geheelbeeld van Rekeningkunde en die beginsels wat bespreek is, vorm die grondslag vir die werk wat nog bespreek moet word. Die invloed van transaksies op die rekeningkundige vergelyking is 'n belangrike hulpmiddel vir logiese redenering in rekeningkunde en onderwysers word sterk aangeraai om dit as vertrekpunt vir alle nuwe transaksies te gebruik.

Nou kan die hulpboeke/joernale (boeke van eerste inskrywing) tesame met die betrokke brondokumente bespreek word. Leerders moet begelei word om die doel van hierdie boeke/joernale te verstaan en waar hulle in die “groter prentjie” van Rekeningkunde inpas. Let op na die volgende skematiese uiteensetting van die boekstawingsprosedure van Rekeningkunde:

Transaksie	
Basiese beginsels van Rekeningkunde: Invloed op B, E en L ("Wat het gebeur?")	Hulpboeke (Boeke van eerste inskrywing) Hulle <u>vorm nie deel</u> van die basiese beginsels van Rekeningkunde nie.
↓ ↓ ↓ ↓ ↓ ↓ ↓ ↓ ↓ ↓ ↓ ↓ ↓ ↓ ↓	Kontantontvangstejoernaal (som alle kontant ontvang op) Kontantbetalingsjoernaal (som alle tjekbetalings op) Kleinkasjoernaal (som alle kleinkasbetalings op) Debiteurejoernaal (som die kredietverkope van handelsware op) Krediteurejoernaal (som alle kredietaankope op) Debiteureafslagjoernaal (som retoere deur debiteure op) Krediteureafslagjoernaal (som retoere aan krediteure op) (Die <u>enigste doel</u> van die bostaande <i>hulpjoernale</i> is om soortgelyke transaksies op te som. Elkeen som een soort transaksie op.) Benewens die bostaande <i>spesialiseringsjoernale</i> , word 'n Algemene joernaal gebruik om transaksies wat nie in enige van die ander hulpjoernale hoort nie, te boekstaaf.
Grootboek-inskrywings: Rek te debiteer Rek te krediteer	Hulpboeke word aan die einde van elke maand na die Algemene grootboek oorgeboek. Leerders moet verstaan <u>wat die totale</u> van die verskillende ontledingskolomme in die betrokke <u>hulpboek beteken</u> en dan die reëls wat ons in staat stel om logies te redeneer om te besluit watter rekening ons moet debiteer en watter rekening ons moet krediteer, op dieselfde wyse as wat ons in die voorbeelde gedoen het, toepas.

Meer oor die Rekeningkundige vergelyking en 'n paar tydbesparende wenke

Dit moet beklemtoon word dat benewens verkope, daar meer transaksies is waar nie net die invloed van die transaksie op die rekeningkundige vergelyking nie, maar ook algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk die inskrywing bepaal. Een sodanige transaksie is die waardevermindering van 'n vaste bate en 'n ander is die aankoop van handelsware waar die periodieke voorraadopname-stelsel in gebruik is.

Wanneer handelsware gekoop word, vermeerder die bate Handelsvoorraad, ongeag watter voorraadstelsel gebruik word. Die feit dat Aankoperekening gedebiteer word wanneer die periodieke voorraadopname-stelsel gebruik word, verander nie hieraan nie. Laat dit dus nogeens beklemtoon word dat die inskrywing nie die vergelyking beïnvloed nie – die inskrywing is die gevolg van die invloed van 'n transaksie op die vergelyking en, waar van toepassing, van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk.

Weer eens moet dit beklemtoon word dat sodra 'n transaksie plaasvind, dit 'n invloed op die rekeningkundige vergelyking het. Let op dat die betrokke invloed plaasvind voordat enige inskrywing gedoen is. Die betrokke invloed word geboekstaaf deur 'n inskrywing te doen. Die inskrywing is dus die gevolg/resultaat van die invloed op die vergelyking. Indien 'n foutiewe inskrywing gedoen word, verander dit nie die oorspronklike invloed op die rekeningkundige vergelyking nie. Redeneer dus soos volg indien 'n fout reggestel moet word en gebruik T-rekening as 'n hulpmiddel.

- Watter inskrywing moes gedoen gewees het. (boekstaaf die inskrywing – slegs bedrae – in die twee T rekeninge)
- Watter inskrywing is gedoen. (boekstaaf die foutiewe inskrywing – slegs bedrae – in die twee T-rekeninge)
- Die inskrywings in die T-rekeninge behoort duidelik te toon watter inskrywing gedoen moet word om die foutiewe inskrywing te verbeter. Doen die inskrywing wat gedoen moet word.

Die alternatief sou wees om twee inskrywings te doen. Doen 'n inskrywing om die foutiewe inskrywing te kanselleer deur die rekening wat oorspronklik gekrediteer is te debiteer en die rekening wat oorspronklik gedebiteer is te krediteer. Doen nou die inskrywing wat in die eerste plek gedoen moes gewees het.

Wanneer slotrekeninge bespreek word, hou in gedagte dat sluitingsoordragte nie die rekeningkundige vergelyking beïnvloed nie. 'n Sluitingsoordrag is niks meer as 'n sluitingsoordrag nie – 'n bedrag word van een rekening na 'n ander oorgedra. Geen invloed op die rekeningkundige vergelyking nie!

Jy kan baie tyd spaar indien jy die volgende riglyne volg:

- Wanneer jy 'n handelonderneming bekendstel, beklemtoon dat alles wat ten opsigte van die diensonderneming bespreek is, ook vir die handelonderneming geld. Die enigste nuwe transaksies is die aankoop en verkoop van handelsvoorraad. Lê dus klem op die nuwe transaksies.
- Wanneer jy 'n vennootskap bekendstel, beklemtoon dat alles wat ten opsigte van die alleeneienaar bespreek is, ook vir die vennootskap geld. Die hoofverskil tussen die twee ondernemingsvorme is die ekwiteit-afdeling en wat met die netto wins gebeur. In die geval van die vennootskap, word die wins volgens die bepalings van die vennootskapoooreenkoms verdeel. Lê dus klem op dit wat nuut is. Let asseblief daarop dat die bepalings in die vennootskapoooreenkoms nie aansuiwerings is nie. Hulle bepaal slegs hoe die wins verdeel moet word – uit en gedaan!
- Wanneer jy 'n maatskappy bekendstel, beklemtoon dat die basiese beginsels wat tot nou toe behandel is, deurgaans geld. Lê dus klem op wat ten opsigte van maatskappye nuut is en wat anders is.
- Wees konsekwent. Lei die leerders vanaf aanvangsonderrig deurgaans om vir hulself te dink en redeneer, om in staat te wees om 'n rekening te interpreteer (watter “storie” vertel die rekening), om in staat te wees om dokumente te lees en te interpreteer (elke dokument vertel sy eie “storie”), om in staat te wees om 'n Proefbalans, 'n Inkomstestaats en 'n Balansstaats te lees en te interpreteer (elkeen waarvan ook 'n “storie” vertel).
- Vermy passiewe papegaai-leerwerk, formules, resepte, onthou blokke en fieterjasies. Hou deurgaans by die basiese beginsels – verstaanbare basiese beginsels wat as 'n stewige grondslag vir die vak kan dien.

Twee les-voorbeelde van hoe om te begelei

Blaai asseblief na bladsy12

KREDIETAANKOPE

Gee die volgende twee transaksies en 'n antwoordblad aan die leerders. Vra hulle om die antwoordblad te voltooi.

1. Koop handelsware van Ross Handelaars; betaal per tjek, R1 300
2. Koop skryfbehoeftes van Jones Handelaars; betaal per tjek, R160

	Bates		Ekwiteit	
	Invloed	Rede	Invloed	Rede
1.	+1 300	Handelsvoorraad vermeerder		
	-1 300	Kontant verminder		
2.	-160	Kontant verminder	-160	Skryfbehoeftes – uitgawe

	Rekening te debiteer	Rekening te krediteer	Bedrag
1.	Handelsvoorraad	Bank	1 300
2.	Skryfbehoeftes	Bank	160

Kommentaar: Hierdie twee transaksies dien as hersiening en as 'n vertrekpunt vir die les.

Gee nou vir die leerders die volgende twee transaksies en 'n antwoordblad. Vra hulle om die antwoordblad te voltooi.

3. Koop handelsware op krediet van Ross Handelaars; ontvang hul faktuur vir R1 300
4. Koop skryfbehoeftes op krediet van Jones Handelaars; ontvang hul faktuur vir R160

	Bates		Ekwiteit	
	Invloed	Rede	Invloed	Rede
3.	+1 300	Handelsvoorraad vermeerder		
4.			-160	Skryfbehoeftes – uitgawe

	Rekening te debiteer	Rekening te krediteer	Bedrag
3.	Handelsvoorraad		1 300
4.	Skryfbehoeftes		160

Kommentaar: Die leerders kan die antwoordblad tot op 'n punt voltooi want dit is werk wat hulle reeds behandel het. Kredietransaksies is egter nog nie bespreek nie. Dus kan die nodige bespreking op hierdie stadium plaasvind en 'n antwoordblad (voorsiening vir laste ingesluit) kan voltooi word.

	Bates		Ekwiteit		Laste	
	Invloed	Rede	Invloed	Rede	Invloed	Rede
3.	+1 300	Handelsvoorraad vermeerder			+1 300	Skuld krediteur meer
4.			-160	Skryfbehoeftes – uitgawe	+160	Skuld krediteur meer

	Rekening te debiteer	Rekening te krediteer	Bedrag
3.	Handelsvoorraad	Ross Handelaars	1 300
4.	Skryfbehoeftes	Jones Handelaars	160

Kommentaar: Op hierdie stadium is dit 'n beter opsie om die krediteur se naam as rekening te krediteer te gebruik. Krediteurkontrole kan saam met Krediteuregrootboek bekendgestel word.

KREDIETVERKOPE

Gee die leerders die volgende transaksie en 'n antwoordblad. Vra vir hulle om die antwoordblad te voltooi.

1. Verkoop handelsware aan L. Price vir R420 (kosprys, R300); ontvang sy tjek vir die bedrag

	Bates		Ekwiteit	
	Invloed	Rede	Invloed	Rede
1.	+420	Kontant vermeerder		
	-300	Handelsvoorraad verminder	+120	Wins

	Rekening te debiteer		Rekening te krediteer		Bedrag
1.	Bank		Verkope		420
	Koste van verkope		Handelsvoorraad		300

Kommentaar: Hierdie transaksie dien as hersiening en as vertrekpunt vir die les.

Gee nou vir die leerders die volgende transaksie en 'n antwoordblad. Vra hulle om die antwoordblad te voltooi.

2. Verkoop handelsware op krediet aan L. Price, R420 (kosprys, R300)

	Bates		Ekwiteit	
	Invloed	Rede	Invloed	Rede
2.				
	-300	Handelsvoorraad verminder	+120	Wins

	Rekening te debiteer		Rekening te krediteer		Bedrag
2.			Verkope		420
	Koste van verkope		Handelsvoorraad		300

Kommentaar: Die leerders kan die antwoordblad tot op 'n punt voltooi want dit is werk wat hulle reeds behandel het. Kredietverkope is egter nog nie bespreek nie. Dus kan die nodige bespreking op hierdie stadium plaasvind en 'n antwoordblad kan voltooi word.

	Bates		Ekwiteit	
	Invloed	Rede	Invloed	Rede
2.	+420	Debiteure vermeerder		
	-300	Handelsvoorraad verminder	+120	Wins

	Rekening te debiteer		Rekening te krediteer		Bedrag
2.	L. Price		Verkope		420
	Koste van verkope		Handelsvoorraad		300

Kommentaar: Op hierdie stadium is dit 'n beter opsie om die debiteur se naam as rekening te debiteer te gebruik. Debiteurekontrole kan saam met Debiteuregrootboek bekendgestel word.

--- o o o O o o o ---